

4 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 14:15-31  
Fokusgedeelte: Eksodus 14: 15, 16

### Droë grond of diep waters?

**O**ns God is almagtig! Daarvan getuig hierdie geskiedenis waar God die see voor sy volk oopgekloof het sodat hulle droogvoets daardeur kon trek. Dit gee vir my die troos dat geeneen van my probleme te groot vir God is nie. Hy kan enige struikelblok wonderbaarlik laat verdwyn! Hy kan selfs 'n pad deur die see maak.

Tog kloof God nie altyd die see voor ons oop nie. Hy laat nie al my probleme soos mis voor die son verdwyn nie. Hoewel Hy dit as almagtige God kan doen, wil Hy nie altyd nie. Hoekom dan nie? Omdat God soms wil hê dat ek nie op droë grond moet loop nie, maar deur diep water moet gaan. Daardeur leer Hy my om altyd op Hom te vertrou en maak Hy my geestelik sterk.

As God nie vandag die see van probleme wat voor jou lê, gaan oopkloof nie, moenie moedeloos raak nie, maar bly op Hom vertrou dat Hy ook met die diep waters 'n plan het!

*Sing: Psalm 107:15*

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*